

13 Januarie - ANTWOORD

Skrifgedeelte: Matteus 15:21-28 (OAV)

Fokusgedeelte: Matteus 15:23

As Jesus in die streke van Tirus en Sidon kom, roep 'n Kananese vrou: "Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete." Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie (vs 23).

Baie mense sou al lankal die rug op Jesus gedraai het as Hy dit met hulle gedoen het. Maar nie hierdie vrou nie! O nee! Hoe meer Jesus swyg, hoe meer klem sy Hom vas met die arms van haar geloof. Ja! Ondanks die feit dat sy as heidense vrou met 'n hondjie vergelyk word, word haar geloof só groot dat sy uitroep: "Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval" (vs 27).

In die Ou Testament was daar baie wat van dié krummels geleef het: Ragab, die prostituut; Rut, die Moabitiese vrou; Naäman, die Arameër. En nou hierdie vrou wat pleit om die genade van die Here Jesus. Daarom is dit geen wonder dat die Here Jesus vir haar sê: "O vrou, groot is jou geloof, laat dit vir jou wees soos jy dit wil hê" (vs 28). En haar dogter het gesond geword van daardie uur af!

Die geloof van die vrou moes die dissipels baie skaam maak het. Want tydens 'n storm op die see was hulle geloof so klein dat hulle vir Jesus op die water as 'n spook aangesien het! (Matt 14:22-36).

Haar geloof maak ons egter ook skaam. Want as die Here nie vir ons gee wat ons biddend vra nie, is ons dikwels nie net kleingelowig nie, maar ook opstandig omdat Hy – net soos vir die Kananese vrou – vir ons niks antwoord nie.

Daarom die vraag: Kan ons, soos dié vrou, in ons gebed volhard – óók as die Here ons soms so lank vir 'n antwoord laat wag?

Sing: Psalm 91:5 (2001)

Dr CJ Malan (Emeritus)